VLEISBEESPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

Die NAMPO/ALFA 2020 aanlyn-vleisbeesprogram.

2020 het inderdaad uitdagings kom stel aan hoe ons doen wat ons doen, maar ook geleenthede gebied wat ons andersins sou mis! Dit geld ook vir ons vleisbeesprogram by NAMPO/ALFA 2020. Die aanbieding van die geleentheid op 24-26 September 2020 te Nampopark is amptelik op 1 Julie 2020 weens die Covid-19 regulasies gekanseleer. Daar is ook op hierdie stadium geen moontlikeid dat die geleentheid uitgestel sal word tot 'n latere datum nie. Daar behoort ook geen verdere verandering van die reëlings van die kleinveeprogram te wees nie. Al die projekte van NAMPO/ALFA 2020 sal dus in 'n aanlyn formaat aangebied word en, hoewel ons dit gaan mis om al die telers op Nampopark te verwelkom, voeg die aanlyn formaat 'n nuwe dimensie tot die projekte toe. Die donker wolk het inderdaad 'n goue randjie en ons sien uit dat die ALFA-veegemeenskap die kleinveeprogram met ons deel.

Nogmaals baie dankie aan al die borge wat hierdie program moontlik maak! Dit spreek van maatskapye en organisasies wat 'n werklike verbintenis tot die bedryf het en nie net "mooiweers-vriende" in goeie tye is nie. Daarom verdien hierdie maatskapye en organisasies die bedryf se ondersteuning. Dit sluit in:
Zoetis, Nutri Feeds, Die RPO, GWK Veewinkel, SAFA, Exsell veeagente & Cape Gate.

Hier volg die vleisbees program vir die volgende 3 maande. Hierdie datums is redelik finaal en enige veranderinge sal onmiddelik gekommunikeer word. Mario van den Heever is die koördineerder van die program en genootskappe en telers kan haar kontak by 074 417 6020 of per epos by vandenheevermjj@ufs.ac.za. Besoek ook die Nampo/ALFA Facebookblad en webblad vir verder inligting.

VLEISBEES PROGRAM: 2020 Kalender		
Datum	**Projek**	**Aksie**
3 Aug	Nutri Feeds vers-prestasie kampioenskap	Diensverskaffers stuur verslyste uit van top 10% verse
	Nutri Feeds Moneymakerkoei	Diensverskaffers stuur lyste uit van kwalifiseerende koeie
17 Aug	Zoetis aanlyn vleisbeesskou	Amptelike uitnodigings tot deelname word uitgestuur
7 Sept	RPO interras slagoskompetisie (Stamboek rasse)	Osse word afgelewer by die Sernick abattoir in Kroonstad
14 Sept	RPO interras slagoskompetisie (LRF rasse)	Osse word afgelewer by die Sernick abattoir in Kroonstad
23 Sept	ALFA interras beoordeellaars webinaar	Webinaar om die beginsels van interrasbeoordeling te bespreek
21-24 Sept	Veewinkel aanteelvee aanlyn veiling	Veiling aanlyn aangebied deur Veewinkel
24 Sept	Braunvieh nasionale veiling	Veiling deur Veewinkel, lewendig/aanlyn op Nampopark aangebied
25 Sept	Zoetis aanlyn vleisbeesskou	Inskrywings van videos sluit en beoordeling begin
25 Sept	Nutri Feeds vers-prestasie kampioenskap	Video inskrywing sluit en beoordeling begin
1 Okt	Nutri Feeds vers-prestasie kampioenskap	Beoordeling van inskrywings om semifinaliste aan te wys
19-22 Okt	Exsell genetiese materiaal veiling	Veiling aanlyn aangebied deur Veewinkel
20 Okt	Nutri Feeds vers-prestasie kampioenskap	Aankondiging van wenners
21 Okt	Zoetis aanlyn vleisbeesskou	Bekendmaking van wenners
27 Okt	RPO interras slagoskompetisie	Bekendmaking van wenners tydens slagvee webinaar
24 Nov	SAFA beefbrand challange	Webinaar & bekendmaking van wenners
24 Nov	Cape Gate Mega-os kompetisie/veiling	Megaos veiling

VLEISBEESPROGRAM @ NAMPO/ALFA 2020

1. Die Hinterland Nasionale Interras Vleisbees Kampioenskap

Die nasionale interraskampioenskappe was die afgelope vier jaar die fokus-projek van ALFA, met die parade by die ALFA dinee die hoogtepunt van elke aanbieding. Daar is hierdie jaar geen skou in SA aangebied waar interraskampioene kon kwalifiseer om aan hierdie kompetisie deel te neem nie. Daar is dus geen manier om die geleentheid aan te bied soos vorige jare nie. Hierdie geleentheid was van die eerste aanbieding van ALFA die diamant in die kroon en daarom wou ons nie graag die momentum wat opgebou is oor die afgelope 4 jaar verloor nie. Om egter iets aan te bied wat nie gaan voldoen aan die baie hoë standaard wat oor die afgelope vier jaar gestel is nie, sou ‘n belediging wees vir die deelnemers wat daardie hoë standaard gestel het. Daarom het die ALFA-span, in oorleg met die nasionale interras-vereniging en Hinterland, die hoofborg, besluit om liewer die geleentheid vir 2020 te kanseleer en liewer nou al te fokus op 2021.

2. ALFA interras werkswinkel en webinaar (Borgskap moet nog bevestig word)

Agv die kanselasie van die interraskampioenskap is besluit om ‘n interraswebinaar te reël om met die beoordeellaars en al die vorige vier jare se kwalifiseerders om die interras konsep, touleiding, skoue en die pad vorentoe te debateer. Internasionale sprekers gaan genooi word om deel te neem en te help om die pad vorentoe te bespreek. Daar gaan veral gefokus word om jong telers leiding te gee oor hoe om deel te word van hierdie kosbare tradisie. Hierdie webinaar gaan in samewerking met Agri Gauteng en DigiTV aangebied word.

3. Zoetis aanlyn interraskampioenskap

In die lig van bogenoemde het ons opsies ondersoek om, nie net ‘n geleentheid in hierdie moeilike jaar aan te bied nie, maar ook ‘n oplossing te vind vir toekomstige uitdagings. Die bek-en-klou uitbraak in 2019 het reeds veroorsaak dat skoue in 2020 gekanseleer is, voor Covid-19 ‘n impak gehad het. Ons moet dus besef dat skoue, soos ons hulle die afgelope eeu leer ken het, sal moet verander om by uitdagings soos ons tans beleef, aan te pas. Die oorspronklike konsep van Alfa was om die laboratorium van nuwe ontwikkelinge in die veebedryf te wees. Hier is nou ‘n geleentheid om in samewerking met die nasionale interras-beoordeellaarsvereniging van SA ‘n nuwe konsep te ontwikkel waar tegnologie saam met visuele beoordeling gebruik word. Ons poog om ‘n nuwe regime te skep van hoe ons ons eeu-oue skou erfenis kan laat voortleef in ‘n nuwe formaat. Hierdeur kan ons ook die momentum behou wat oor die afgelope 4 jaar opgebou is en ‘n volhoubare aanlynprotokol ontwikkel om sodoende volhoubaarheid te verseker tot wanneer die omstandighede stabiliseer. Van die beginsels wat deel uitmaak van hierdie protokol is: Om video’s in plaas van foto’s te gebruik om moontlike manupulasie uit te skakel. Om die borg se verteenwoordigers in die veld te gebruik om deelnemers te besoek. Die eerste beoordeling word gedoen deur ‘n beoordeelaars paneel wat WhatsApp videos beoordeel wat deur die deelnemers self geneem is om semifinaliste te identifiseer. Lewendige video-beoordeeling word gebruik om die finale beoordeeling te doen. Hierdie aanlyn skou sal jaarliks aangebied word en beide die kampioen en reserwe kampioen van beide die bul- en koeiklas sal genooi word om deel van die jaarliks nasionale interraskampioenskappe te wees. Vorige ALFA-finaliste, telers wat genomineer is deur hul genootskappe asook ras-wenners van vleisbeesrasse wat wel geskou het (aanlyn of werklik) sal genooi word om in te skryf vir hierdie SA-eerste. Hierdie geleentheid word beplan as ‘n permanente instelling op die ALFA program. Wenners sal ook genooi word om aan die nasionale interraskampioenskap deel te neem as dit weer aangebied kan word.

4. Nutri Feed Vleisvers-prestasiekampioenskap

Hierdie kompetisie poog om ’n wetenskaplike alternatief vir konvensionele skoubeoordeling te skep. Die top 10 jong verse word op grond van prestasiedata binne elke ras deur SA Stamboek, Breedplan en die LNR (wie ookal die registrasie-owerheid of diensverskaffer van die betrokke ras is) aangewys. Die verse moet almal dragtig wees en jonger as 30 maande teen Sept 2020. Die top 10% verse op grond van bg word aan elke ras-genootskap gestuur wat dan die top 10 verse op grond van prestasiedata vir elke ras bepaal. Die onderskeie telers van die top tien verse in elke ras word versoek om ‘n WhatsApp video in te stuur van elke vers. (‘n Protokol van hoe die video’s geneem moet word, sal aangestuur word). Hierdie verse word op grond van funksionele doeltreffentheid binne die ras beoordeel en ‘n kortlys van 3 semi-finaliste sal deur ‘n Nutri Feed verteenwoordiger besoek word vir die finale beoordeling. Hierdie punt (50%) plus die prestasiemetings punt (50%), bepaal dan die Nurti Feed top prestasievers per ras. Let wel dat hierdie nie ‘n interras-beoordeling is nie en dat verskillende rasse nie met mekaar vergelyk sal word nie. Elkeen van hierdie top 10 telers ontvang ‘n sertifikaat van erkenning en die top 3 word op die ere-rol van die kompetisie geplaas wat permanent by elke ALFA vertoon sal word. Daar sal dus nie soos in vorige jare, drie verse van elke genootskap op die rerrein uitgestal te word nie.

5. Nutri Feeds Moneymaker-koeiuitstalling

Die kompetisie beoog om al die koeie wat die Moneymaker-titel verdien, in elke ras aan te wys en erkenning te gee. Diere met ’n geboorte-aanmelding vanaf 1 Januarie 2010 of later kwalifiseer vir die nominasie. Koeie mag dus nie ouer as 10 jaar wees nie. Elkeen van hierdie koeie ontvang ‘n sertifikaat van erkening en die 5 koeie met die beste teelwaardes van die Moneymaker-lys van elke ras, word op die ere-rol van die kompetisie geplaas wat permanent by elke ALFA vertoon sal word. Breedplan, Stamboek en die LNR sal elke ras se kwalifiseerders aan die genootskap stuur op grond van die volgende kriteria: Meer as 8 kalwers gespeen (sy moes dus elke jaar gekalf het). Meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees. Die koei moet self ’n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

6. RPO Interrasslagos- en Karkaskampioenskap.

Al die genootskappe van vleisbeesrasse word genooi om suiwer slagdiere vir die interrasslagoskompetisie in te skryf om hul ras in hierdie kompetisie te verteenwoordig. Genootskappe moet self die rassuiwerheid van die diere bevestig. Diere hoef nie geregistreer te wees nie, maar mag nie kruisings wees nie. Genootskappe kan tot vier telers (elkeen met ‘n groep van vier slagosse per teler onder ‘n betrokke ras} inskryf. Slagosse word direk aan Sernick slagpale gelewer in September op ‘n datum wat gekomunikeer sal word waarna Samic die karkasbeoordeling sal waarneem. Die normale Samic reëls geld maar daar is geen gewigs-kwalifikasie en gewigsgroepe nie. Die diere en groepe word beoordeel op ‘n interras basis om die beste enkel karkas en groep van vier te kroon.

7. Cape Gate Mega-Os Kompetisie. (Borgskap moet nog bevestig word)

Hierdie gewilde kompetisie wat die afgelope vier jaar die meeste aandag op sosiale media gekry het van al die ALFA-projekte word hierdie jaar as ‘n lewendige-aanlyn veiling 24 November in Gauteng aangebied. Telers word genooi om hul swaarste osse in te skryf. Diere sal geweeg word en daar sal ook pryse vir die os wees wat die hoogste staan asook die os met die langste horings. Slegs finaliste sal genooi word om hul diere uit te stal en die diere telers wat bereid is om hul diere te verkoop, sal ook die geleentheid kry om aan die veiling deel te neem. Die uiteindelike wenner is die os wat die swaarste weeg. Verlede jaar se wenner was die Chianina os van Christiaan de Jager wat 915 kg uitgeslag het en vir ‘n nuwe SA rekort van R225/ kg verkoop is. Verseker ‘n mylpaal om in 2020 voor te mik!

8. Die SAFA "Beef-brand Challange" saam met die Universiteit van die Vrystaat.

Beesvleisverskaffers wat onder 'n spesifieke gerigestreerde handelsmerk hul produk aan verbruikers lewer word genooi om in te skryf vir hierdie unieke kompetisie. Verlede jaar was die eerste jaar waartydens die kompetisie aangebied is en is deur Sparta / Angus gewen. Die vleislaboratorium van die Universiteit van die Vrystaat onder beheer van Prof Arno Hugo doen die evaluering op 'n wêreldklas standaard. Hierdie jaar word die kompetisie op dieselfde formaat as 2019 aangebied behalwe dat die bekendmaking asook werkswinkel aanlyn sal geskied.

9. Die Exsell genetiese materiaal veiling

Hierdie genetiese materiaal veiling is weereens 'n SA eerste vir ALFA wat in samewerking met Exsell en GWK Veewinkel aangebied word. Embrio's en semen van die meerderheid SA vleisbees- en kleinveerasse word aangebied in 'n aanlynveilings- formaat. Al die bekende embrio-maatskapye neem deel en uitsonderlike genetika sal aangebied word.

10.Die Braunvieh nasionale veiling aangebied deur GWK.

Die Braunvieh se nasionale veiling word 24 September 2020 op Nampo park aangebied. Die veiling sal lewendig- aanlyn aangebied word in ooreenstemming met die Covid19 regulasies wat geld op die tyd.